kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

# Toetrede

## Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

**Lied 464**

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

*Dan moet ek juig, my Redder en my God!*
*Hoe groot is U; hoe groot is U!*
*Want deur die hele skepping klink dit saam:*
*Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!*

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

# Woorddiens

## Tema: Die kleed van Genade

## Skriflesing: Matteus 22:1-14

"He who goes about to reform the world must begin with himself, or he loses his labor."
— Ignatius of Loyola

"We should ask God to increase our hope when it is small, awaken it when it is dormant, confirm it when it is wavering, strengthen it when it is weak, and raise it up when it is overthrown."
— John Calvin

## Broodjies vir die pad

"We shall, as we ripen in grace, have greater sweetness towards our fellow Christians. Bitter-spirited Christians may know a great deal, but they are immature. Those who are quick to censure may be very acute in judgment, but they are as yet very immature in heart. He who grows in grace remembers that he is but dust, and he therefore does not expect his fellow Christians to be anything more; he overlooks ten thousand of their faults, because he knows his God overlooks twenty thousand in his own case. He does not expect perfection in the creature, and, therefore, he is not disappointed when he does not find it. ... I know we who are young beginners in grace think ourselves qualified to reform the whole Christian church. We drag her before us, and condemn her straightway; but when our virtues become more mature, I trust we shall not be more tolerant of evil, but we shall be more tolerant of infirmity, more hopeful for the people of God, and certainly less arrogant in our criticisms."
— Charles Haddon Spurgeon, Spurgeon's Sermons Vol. 1-10

"First is the danger of futility; the belief there is nothing one man or one woman can do against the enormous array of the world's ills — against misery and ignorance, injustice and violence. Yet many of the world's great movements, of thought and action, have flowed from the work of a single man. A young monk began the Protestant reformation, a young general extended an empire from Macedonia to the borders of the earth, and a young woman reclaimed the territory of France. It was a young Italian explorer who discovered the New World, and 32-year-old Thomas Jefferson who proclaimed that all men are created equal. "Give me a place to stand," said Archimedes, "and I will move the world." These men moved the world, and so can we all."
— Robert F. Kennedy (6 June 1966 South Africa)

"On the way from the Renaissance to our days we have enriched our experience, but we have lost the concept of a Supreme Complete Entity which used to restrain our passions and our irresponsibility. We have placed too much hope in political and social reforms, only to find out that we were being deprived of our most precious possession: our spiritual life. In the East, it is destroyed by the dealings and machinations of the ruling party. In the West, commercial interests tend to suffocate it. This is the real crisis."
— Aleksandr Solzhenitsyn

"There is no worse screen to block out the Spirit than confidence in our own intelligence."
— John Calvin

"True wisdom consists in two things: Knowledge of God and Knowledge of Self."
— John Calvin

## Brood vir die pad

### 'Nou weet ek huil en lag lê langs mekaar'

*Hans du Plessis*

Hy glimlag vanaand daar waar hy sit, glimlag omdat hy sien waar ek nou staan. Op ’n teaterverhoog waar ek nie hoort nie. Maar ek staan vanaand hier vir PG du Plessis, al sou hy met ’n hoeslaggie my daarop gewys het dat dit presies is wat hy nog altyd bedoel het met *reflected glory*. Iets waaroor ons dikwels gepraat het. Vergun my dan nou maar my stukkie *reflected glory*.

Ek wil by hierdie huldigingskonsert iets oor Pieter se werk sê, en dit doen ek uit liefde vir hom en sy mense. Maar Pieter sou my dit verkwalik as ek vanaand hier oor sy werk staan en gesels met verwysing na literêre terme en teorieë. “Dis ’n oefening in futiliteit,” sou hy gesê het, “die literati sal in elk geval oral mooi daaroor praat. Mooier nou as toe ek gelewe het,” sou hy seker nog bygevoeg het.

Ek het hom altyd bewonder omdat hy iets reggekry het waaroor die meeste skrywers net kan droom: hy het die literêre establishment genoeg beïndruk om vir hom die heel hoogste literêre pryse te gee en ingewikkelde commendatio’s, en proefskrifte en artikels daaroor te skrywe. Terselfdertyd het skoonmakers in besemkamers skelm in werktyd

*Koöperasiestories* gekyk of *Fees van die ongenooides* gelees. Hy het met die ganse volk gepraat. Daarom wil ek vanaand gesels oor die PG du Plessis wat nie net wóórdkunstenaar was nie, maar oor die man wat in sy hele siel 'n kunstenaar was. Ek wil gesels soos wat ek en hy daaroor kon gesels. Sommer net oor 'n koppie koffie in die Akker of 'n glasie wyn op Semoer. Maar daarvoor sal jy saam met my moet uitry Rysmierbult toe, want ons sal eers oor klippe moet gaan praat.

En as ek en jy dan by Semoer se plaashek indraai, groet groot hekpilare ons en soos wat ons dieper inry werf toe, begin die klippe dit uitroep. Die hekke is almal klaar oop omdat ons laat weet het ons kom. As ons stilhou, staan Pieter en Marie vir ons en wag en Knak vroetelgroet ons groot en geweldig. Ons stap om die huis, onder die eikeboom wat hy self desjare in sy vrytyd geplant het, studeerkamer toe om klip vir klip te groet, later verder deur die eerste klippoort onder die groot akker deur, oor die bruggie klipkroeg toe om uiteindelik deur die kliplabirint tot in die lapa te kom.

Jy staan verstom in 'n grootse uitstalling van kuns, klipkuns wat hy met sy eie twee hande help skep het. Daarom is dit nodig om eers oor klippe te praat, want elke klip lê presies. "Want klippe," sal hy verduidelik, "spring nie vanself in 'n muur in nie; jy vra hom, luister en bou hom eers in as jy klaar met hom gepraat het. 'n Klip het 'n gesig," en dan glimlag hy, "en 'n agterkant," maar agterkant is nie presies sy woord nie, maar sy woord is nou nie heeltemal 'n kerkwoord nie.

'n Klip lê gesigkant vorentoe, partykeer plat, dan 'n bietjie regop, soms sommer net skuinsbedonnerd dwars. Grotes en kleintjies, almal het 'n plek. Soos woorde en soos mense.

Dis hoekom die muur kuns is en net iemand wat klippe liefhet, kan só met klip skep. Ek sal Pieter onthou as die kunsklip in Semoer se mooiste muur.

Vir hom was woorde soos klippe en hy was die meesterbouer. Maar woorde is sagter as klippe, glibberiger. Eiesinnig. Die gesig is mos ook nie altyd voor nie. Soms onduidelik omdat elkeen sy eie betekenis wil hê. En dan is daar nog die wispelturiges ook.

Nogtans het sy woorde altyd gelyk of hulle net reg in elke sin ingemessel is, soos wanneer Tjokkie vir Tiemie oor Jakes sê: "Hy's skorriemorrie so groot as wat hy is." Een ding is seker: As die heel voorste professionele akteurs van jou dialoog sê dat 'n mens nooit daaraan hoef te torring nie, dan weet jy jy kán met woorde werk.

Dis net PG du Plessis wat woorde soos dié aan mekaar kan ryg: "Vrydagaande drink ek en Jan van Breda enkele slukkies brandewyn om die week te vier of te vergeet, al na gelang van omstandighede."

"Hy ryg woorde soos *Jollies* en *Smarties* in en uit soos in 'n neklis."

Dan is woorde nog mensliker as klippe en net iemand wat die woord liefhet, kan só talig mooi messel. As ek aan hom dink, sal ek PG du Plessis onthou as die hoekwoord in Afrikaans se mooiste sin.

Mense is kantiger as klippe en wolleriger as woorde, en tog, o so broos. Daarom moet die skrywer die sag en die hard verstaan by woord en klip verby voordat hy aan mense kan begin teken. Dan dink party mense nog ook vir hulleself, en die goed voel mos. Tog het PG du Plessis mense ongemaklik goed verstaan. Soos Tjokkie het Pieter die gawe van sien gehad, want hy kon sien tot waar ander mense nie kon kyk nie.

In die voorhuis op die plaas staan daar 'n stomp hout op die vloer langs die bank. Dolfhout, het ek altyd geraai. Uit hierdie stomp groei daar die gesig van 'n vrou, sag gebeitel uit die harde hout. En Pieter het haar met sy eie hande uit die hout gehaal. Soos met 'n Jakes in Siener. Dis hoekom Genis en Mietie, Jan van Breda, Daantjie en die Minters so van die volk besit geneem het. Sy karakters is ronder as gewone mense, want hulle sê en hulle voel en hulle dink. Hulle is iemand wat jy ken en met wie jy deernis het omdat die skrywer die deernis in hulle ingeskryf het.

Om so te skep, moet jy mense ken tot anderkant die kennis. Maar dan moet jy woord en mens saam verstaan. Hy wat PG du Plessis is, kon hulle inmessel, want hy het die siel gesien. Hy het verstaan wat min onder ons verstaan, want net iemand wat mense liefhet soos wat hy mense liefgehad het, kan hulle teken soos wat hy hulle geteken het.

As ek aan Pieter Georg du Plessis dink, sal ek hom onthou as die sin in Suid-Afrika se mooiste storie.

En hy was self mens! Soos die dag toe hy my bel om te sê ons moet gaan koffie drink. Dit was niks buitengewoon nie, want as hy op die dorp was, het hy gereeld gebel en gesê hy wag vir my by die Akker, op die stoep waar hy kan rook. Maar dié dag het hy gesê hy kry my in die Mall. Dis eers toe ons in die koffiewinkel sit dat ek kon sien dis vanmôre anders as altyd. Naderhand sê hy, hy wil my iets vertel, maar ek mag nie sê nie, want niemand mag dit nou al weet nie. Marie weet, maar hy moet vir nog iemand vertel.

"Wat?" vra ek.

Hy kyk rond voordat hy sê: "Ek het die Helgaard Steyn-prys gekry."

"Hoeveel?"

Hy noem die enorme bedrag en voeg by dat ons hier in die Mall is, want hy soek 'n goeie musiekspeler en dink ek hy kan van die prysgeld daarvoor gebruik?

"Magtag," antwoord ek, "kom ons loop kyk, want met so baie geld kan ons sommer vir my ook 'n draadloos koop."

Toe wen hy nog vir Fees ook die ATKV-prosaprys, maar, laat hy die ATKV weet, hy gaan net Stellenbosch toe vir die Woordveertjies as ek ook saamgaan. Toe kry ek 'n vliegtuigkaartjie en verblyf en 'n deftige paartie.

Verstaan jy nou wat *reflected glory* regtig is?

As ek aan Pieter dink, weet ek hy was 'n mens tussen mense en ek weet nou wat het hy bedoel toe hy gesê het, huil en lag lê langs mekaar.

Maar dis die lag wat ons vanaand bewaar.

* Prof. Hans du Plessis het dié huldeblyk verlede week by Aardklop aan die bekroonde skrywer en dramaturg gebring tydens die konsert *PG: 'n Lewe vol...*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/nou-weet-ek-huil-en-lag-le-langs-mekaar-20171011

◆◆◆

"Be like the sun for grace and mercy. Be like the night to cover others' faults. Be like running water for generosity. Be like death for rage and anger. Be like the Earth for modesty. Appear as you are. Be as you appear."
— Jalaluddin Rumi

◆◆◆

**Lied 526**

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
*Ubi caritas, et amor*
*ubi caritas, Deus ibi est.*

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877